
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

JESUS CHRISTUS – GOD MET ONS

Kom ons kyk vandag na 'n titel vir ons Here Jesus Christus wat slegs eenkeer in die Nuwe Testament gebruik word en tweekeer in die Ou Testament. Die Nuwe Testamentiese verwysing in Matt. 1:23 is 'n aanhaling, van uit Jes. 7:14: **Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom EMMANUEL noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.**

Die agtergrond tot hierdie profesie neem ons terug tot 700 jaar voor die geboorte van Here Jesus. Agas was die koning van Juda. Hy was nie baie godsvresend nie en hy was bedreig deur Sirië en Israel. Albei hierdie volke was op die punt om hom aan te val. Jesaja het koning Agas bemoedig om op die Here te vertrou, en na die uiterlik het dit voorgekom of hy dit wel gaan doen. Maar in die geheim het Agas vir hom 'n bondgenoot geneem in die koning van Assirië, wat eintlik 'n vyand van die volk van Juda was. M.a.w. hy was eintlik 'n huisgelaar. Met sy mond het hy gesê: "Ja, ek sal op die Here vertrou", maar agteraf het hy geknoei en militêre hulp gevra by Assirië.

Jesaja se woorde van bemoediging aan Agas was: **"Emmanuel (God met ons)"** (Jes. 7:14) God het aangebied om Agas 'n teken te gee, maar die koning het dit geweier. Maar God het tog 'n teken gegee, nie net aan Agas die koning nie, maar aan al die mense van Juda en Isarel. Die teken was dat 'n maagd sou swanger word en 'n Seun sal baar, en hierdie Seun sal wees "God met ons". Hierdie profesie is vervul in die geboorte van onse Here Jesus Christus.

Josef, 'n regverdige man, was op die punt om sy verlowing te verbreek met die jong Maria. Volgens die Joodse kultuur is die verlowing 'n baie ernstige belofte – feitlik die naaste aan die huwelike – beloftes. As jy 'n verlowing breek, was dit feitlik net so ernstig as egskeiding.

Josef het ontdek dat Maria swanger was, en daarom wou hy die verlowing breek. Toe praat die engel met Josef en sê aan hom dat Maria nie ontrou was nie, maar dat sy swanger was met 'n Kindjie wat ontvang was van die Heilige Gees. Sy sou 'n seun baar en hulle moet Sy Naam gee as EMMANUEL. Dit beteken: GOD MET ONS.

Jesus het nooit hierdie naam gebruik nie. Ons vind nie eenkeer in die vier Evangelies dat iemand Hom so aanspreek nie. Dit is eintlik 'n titel, 'n beskrywing van WIE HY IS. Daar is egter twee baie wonderlike waarhede ingesluit in hierdie titel.

En hulle sal Hom Emmanuel noem. Dit is, as dit vertaal word: God met ons (Matt. 1:23) Daar is vandag volop leringe wat vir ons sê dat Jesus nie God is nie, dat Hy slegs 'n goeie man of 'n geseënde leraar was. Tog, heel in die begin van die Nuwe Testament word Hy geïndentifiseer as God. As ek myself Emmanuel sou noem en sê dat ek God is, sal jy dink ek is van my sinne beroof – en tereg wel! Maar die skrywers van die Nuwe Testament het aan Jesus Christus hierdie titel toegeskryf "EMMANUEL.... God met ons."

Jesus Christus Self het gesê dat Hy God was, en Hy het Sy lewe gewaag deur hierdie stelling te maak. Hy het die volgende woorde gesê: Ek en die Vader is een (Joh. 10:30) Hierdie stelling sê eintlik: *"Ek is God."*

Die Jode het toe weer klippe opgestel om Hom te stenig. Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke het Ek julle getoon van my Vader. Oor watter een van diè werke stenig julle My?

Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Jesus Christus—God met ons…)

oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak. (Joh. 10:31-33)

Hulle het begryp dat deur die stelling t emaak **"Ek en die Vader is een,"** Hy beweer dat Hy God is.

In Joh. 14 lees ons dat Fillipus vir die Here Jesus Christus vra: **Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg (vers 8).** Jesus antwoord: **Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Fillippus? Hy wat my gesien het, het die Vader gesien. (vers 9)** Jesus het dus beweer dat Hy God was. Daarom het hulle Hom gekruisig.

Die Jode het aan Pilatus gesê: **Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het (Joh. 19:7).** Die Joodse mense het nie 'n probleem daarmee gehad om te verstaan wat Jesus gesê het nie. Jesus het beweer dat Hy God is.

Wat nog meer is, is dat Jesus aanbid was as God. As jy enige mens of voorwerp aanbid, is dit afgodsdiens, want die gebod lui: **Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien (Matt. 4:10). In Matt. 2:11** lees ons egter dat die Wyse Manne uit die Ooste gekom het, en Hom aanbid het. Toe Jesus op die water geloop het en die storm stilgemaak het, het die dissipels voor Hom neergeval en Hom aanbid (Matt. 14:22-23). In Joh. 9:38 het die blinde man wat Jesus genees het, uitgeroep: Ek glo, Here! Dan lees ons: En hy het Hom aanbid.

En Jeus het die aanbidding aanvaar! Dit beteken dat Hy geweet het dat Hy God was. Ons sien dus dat Hy Self BEWEER het dat Hy God was, en Hy het die aanbidding AANVAAR as God.

'n Aantal kere in die Nuwe Testament, word Hy spesifiek God genoem.

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die WOORD WAS GOD. (Joh. 1:1) Hier verwys WOORD baie duideilk na Jesus Christus, want vers 14 sê: **En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon.**

1 Joh. 1:18 word ons Here Jesus Christus weer God genoem. Niemand het ooit God gesien nie, die eniggebore Seun, wat in die boesem van die Vader is, die het Hom verklaar (vertoon, onthul). Al wyse waarop dit kon plaasvind is dat Hy Self God is.

In Rom. 9:5 beskryf die apostel Paulus die volk van Israel, en ons lees daaroor: **…. aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees – Hy oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid!**

Tit. 2:13: Terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus.

Die "salige hoop" is in Grieks enkelvoud, m.a.w. "die grote God en ns Verlosser, Jesus Christus" is EEN. Ons Verlosser is God! In Heb. 1:8 lees ons dat God die Vader aan God die Seun sê: U troon, o God, is tot in alle ewigheid...

2 Pet. 1:1: Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker.

Jesus Christus. EEN Persoon, twee titels: "God en Saligmaker, Jesus Christus."

1 Joh. 5:20 gee vir my die deurslag in hierdie saak: Ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken: en ons is in die Waaragtige, in Sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die Ewige Lewe.

Onse Here Jesus Christus is God! Daar is 'n tweede waarheid wat voortkom uit die naam EMMANUEL. Hy is nie net alleenlik God nie, maar Hy is GOD MET ONS. Hy is nie 'n God wat vêr weg is nie: op 'n afstand en onverskillig. Hy is MET ONS. Toe Jesus Christus uit die maagd Maria gebore was in hierdie wêreld as 'n babatjie, het Hy met die mensdom geidentifiseer. Hy is die God-Mens; Hy is God, en Hy is God met ons. Jy vind dikwels in die Bybel daardie wonderlike belofte: "Ek is met jou."

God het daardie belofte aan Moses gegee, en Hy het dit aan Josua gegee. Hy het gesê: Soos ek met MOSES gewees het, sal Ek met jou wees (Josua 1:5). Hy het daardie selfde belofte aan ons gegee. Mattheurs het sy Evangelie begin deur "God met nos" voor te stel (Matt. 1:23), en hy het sy Evangelie afgesluit met dieselfde belofte.

Ek kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 28:20) Die Here Jesus Christus is GOD MET ONS op elke gebied van die lewe. Hy is met ons om ons te red. Hy is 'n Heilige God en behoort eintlik teen ons te wees omdat ons so sondig is. Maar Hy is MET ONS sodat on gered kan word. As jy jou hart vir Hom oopmaak, sal Hy inkom, en Hy sal met jou wees. Hy sal jou vergewe: Hy sal met jou maaltyd hou (verkeer) Openb. 3:20. Hy is met ons in die beproewings van die lewe. Hoe vele kere het ek al geblaai na Jes. 43:2, en ek het vir my eie bemoediging die volgende belofte gelees: **As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie. Vers 5: Wees nie bevrees nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand. Dit**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Jesus Christus—God met ons…)

maak nie saak watteer omstandighede jy beleef nie, watteer wroeging jy deurgaan nie, Jesus Christus is MET JOU. Hy is met ons waanner ons soek om Hom te dien en Sy Wil te doen.

Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die Woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. (Mark. 16:20)

Hy wandel nie net MET ons nie, maar Hy WERK OOK SAAM MET ONS. Daar is tye wat ons moetg word in die Here se arbeidsvelde. Ons word nie moeg VAN die Here se werk nie, want dis opwindend en dis vir ons 'n voorreg om Hom te dien. Maar soms word ons moeg IN die Here se werk. Dis dan 'n wonderlike, bemoediging wete dat die Here met ons saamwerk.

Toe Paulus die kerk aan die gang gekry het in Korinthe (Hand. 18) was hy reg om moed op te gee. Toe het die Here aan hom verskyn en gesê: **Wees nie bevrees nie Paulus …. Ek is met jou… (vers 9).** Die Here was met Paulus tot aan die einde van sy bediening, al her sommige van sy vriende hom verlaat.

Christus is met ons in die haartseer-tye van ons lewens; wanneer ons deur die dal van trane en skeiding en eensaamheid gaan. Die belofte in Psl. 23:4: **Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vreed nie, want U is met my: U stok en U staf die vertroos my.**

Hy gaan saam met ons wees tot in Ewigheid. In Openb. 21 sien Johannes die Heilige Stad wat neerdaal uit die hemel, en hy het 'n groot stem hoor sê: Kyk die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. EMMANUEL... GOD MET ONS (Matt. 1:23)

Jesus Christus is God: vertrou Hom, aanbid Hom, gee Hom jou beste. En Jesus Christus is God met ons. Waar ons ookal is, in die probleme en eise van die lewe, Jesus Christus IS DAAR EMMANUEL. Vertrou jy Hom vandag? Het jy jou al volkome aan Hom oorgegee? DIT is wat Hy wil hê ons moet doen, want Hy is GOD MET ONS!

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

TRIUMPH OVER ANXIETY AND FEAR

Father God instructs us in His Word by encouraging His children not to be anxious about anything we may be facing at the moment - any trial or tribulation we may be experiencing right now. He says: **Be careful** (anxious) **for nothing; but in every thing by prayer and supplication with thanksgiving let your requests be made known unto God. And the peace of God, which passeth all understanding, shall keep your hearts and minds through Christ Jesus. (Php. 4:6-7)** God assures us that no matter what we are facing at the present time, or what mountain stands in our way, that He is bigger and greater than any problem we may have, and we can be confident that He is well able to undertake for us when we are going through trials and be certain that He is able to rectify any situation completely – regardless of how enormous it may seem to us! Therefore He says to us that we must come to Him with our requests – in prayer and with thanksgiving, because He is supremely able to answer our supplication and He desires to show Himself great on our behalf , that we may have His peace at all times. Just as a child would go to his earthly father with a problem that was worrying him, and know that His Daddy would make it all right for him. That is what our HEAVENLY Father desires of us, His children, that we would come to Him and trust Him in our anxious and fearful moments, knowing that He will take care of our concerns and restore to us the peace that passes all understanding!

God loves you with an everlasting love and it is unconditional, so He wants you to be free from fear which causes such agony and torment.

It is an established fact that many physical ailments, for example, heart-attacks and stomach ulcers are aggravated, even caused by fear and worry. **Prov. 29:25: The fear of man bringeth a snare: but whoso putteth his trust in the Lord shall be safe.**

Job. 3:25: For the thing which I greatly feared is come upon me.

On the other hand the Word tells us that a happy heart promotes healing whereas a crushed spirit dries out the bones. Blood is produced in the marrow of the bones. **Prov. 15:13: A merry heart maketh a cheerful countenance: but by sorrow of the heart the spirit is broken.**

Prov. 17:22: A merry heart doeth good like a medicine: but a broken spirit drieth the bones.

You see, fear is a spirit, and when you give place to it, it gradually takes over your whole thought process, and the Lord wants to prevent you from falling into that trap of the devil – who is a liar! When allowed to take root, eventually you see, hear and speak only that fear which consumes you. Hatred and rejection operate in the same way. The person who gives place to a spirit of rejection reaches a point where he actually believes that nobody cares for him, that all circumstances conspire to break him down, that he is a failure and the final result of all this is often deep depression. This is why it is so important that in the case of fear we realise that we are dealing with a demonic spirit, which must be resisted with determination!

To clarify this we can use the following illustration: if a thief should come to your front door and tell you that he is about to remove your stove, would you simply concede to his presumptuous demands and allow him to go ahead? Certainly not! You would make him understand in no uncertain terms that the stove is your lawful property that he has no right to be in your house at all and must leave immediately! This command would be given with conviction and authority, and he would be obliged to obey.

Jesus said: **"Peace I leave you, my peace I give to you… Do not let your hearts be troubled and do not be afraid".** (John 14:27) In Jesus, peace and freedom from fear are ours – what priceless possessions! So, when Satan, the thief, according to John 10:10, comes to steal these possessions and tries to replace them with fear, we must be alert and stand our ground. We must forbid entrance to that demonic influence or demon spirit! There is the very descriptive illustration of the stray dog that slinks in through the back gate to eat your dog's food. He'll eat all their food if you don't stop him and bellow "go away!" We need to resist Satan and his demons in similar fashion for James 4:7 assures us that in so doing he must flee.

In 1 Peter 5:8 God's Word tells us that the devil prowls around like a roaring lion looking for someone to devour. He can only devour those who will allow him to, and who will make room for him. Give no place to the devil Eph. 4:27 tells us. We must take all our problems to our Heavenly Father and leave them with Him and trust Him and His Word to take care of

(Continued on page 5)

(Continued from Pg. 4 - Triumph over Anxiety and Fear……)
them all! Psalm 16:8 says: **I have set the LORD always before me: because *he is* at my right hand, I shall not be moved.**

Refuse to fear: We read in **Judges 7:3: "Anyone who trembles with fear may turn around and leave the Mount of Gilead!"** This is the story of how three hundred Israelites under the leadership of Gideon drove out the Midianites. There had originally been thirty-two thousand Israelites, but God gave Gideon the wisdom to know that fear brings defeat and he would be better off with a handful of fearless soldiers than with an army of thousands who are fearful! FEAR BRINGS FAILURE. Let us consider a few scriptures from the Bible that concern FEAR:

Jer. 1:8: Do not be afraid of them for I am with you and will rescue you, says the Lord.

Ex. 14:13: Do not be afraid! Stand firm and you will see the deliverance the Lord will bring to you.

Psalm 91:5: You will not fear the terror of the night, nor the arrow that flies by day.

Deut.. 20:1-3: When you go to war against your enemies …… do not be afraid of them , because the Lord your God will be with you.

2 Chron. 20:15: This is what the Lord says to you: Do not be afraid or discouraged because of this vast army. For the battle is not yours but God's.

From these scriptures it is obvious that God told his people quite clearly that they had no reason whatsoever to fear because God was with them, and as the New Testament tells us in **Rom. 8:31: If God is for me, then who can be against me?**

Fear breeds fear. If you fear cancer because your father and grandfather had it, then that very fear can produce negative results. Remember Job. 3:25: **What I feared most has come upon me.** Fear failure, and it will come to you! Fear can even make you financially insecure, so that instead of giving joyfully, as God requires of you, you may feel the need to hold onto everything you have, thereby robbing yourself of the blessings God wants to give you through your obedience to His spiritual law of giving. Fear causes nervous breakdowns, insomnia, and loss of freedom in your prayer life and in your witness for Him. Dejection, depression and destruction all have their roots in fear.

But hallelujah! There is victory and liberation from the web of fear! ON THE CROSS OF CALVARY JESUS CHRIST PAID THE FULL PRICE SO THAT YOU AND I CAN BE FREE TODAY, OF ANY OF SATAN'S BONDAGES – AND THAT INCLUDES FEAR!

There is only one way, one code of behaviour, one set of laws - God's Way and God's Word.

The Bible tells us in Heb. 11:1 that faith is being sure of what we hope for and certain of what we do not see.

How does faith operate? Rom. 10:17 tells us that faith cometh by hearing, and hearing by the Word of God. So, faith is developed by studying the Word of God and acting upon it. This Word produces faith, love, healing, prosperity, wisdom, a healthy body, soul and spirit.

Faith follows upon the hearing of the Word of God. Fear follows upon the hearing of the word of this world –Satan's lies. **Faith grows when we think and meditate upon the Word of God.** Fear comes when we think and dwell upon the lies of Satan and react to them. The very worst thing you can do is react in fear. Keep your eyes upon Jesus and what He accomplished for you at Calvary and how much He love you and is able to give you the peace He left you and gave to you. **(Joh 14:27) Peace I leave with you, my peace I give unto you: not as the world giveth, give I unto you. Let not your heart be troubled, neither let it be afraid.**

In Matt. 14, we find an excellent example of faith vs. fear. The disciples were out in the boat and Jesus walked across the water! The Lord said 'Come'. Peter clambered out of the boat and began to walk towards Jesus. Verse 30 says it all! **But when he saw the wind, he was afraid and, beginning to sink, cried out Lord, save me!** Why did Peter sink? The Word tells us that he saw the wind and became afraid. Peter walked on the water in obedience and by faith in the Word of his Lord Jesus, who said to him, "Come!" But when FEAR came, it overwhelmed him, took control and he failed. Had he rebuked fear and continued to trust the Word of the Lord, fear would have disappeared, but he submitted to it and his faith wavered.

Faith is exercised in exactly the same way, so use the **"sword of the Spirit, which is the Word of God" (Eph. 6:7)** to resist satan at every turn. Hold

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Triumph over Anxiety and Fear……))

high your **"shield of faith, with which you can extinguish all the flaming arrows of the evil one"** (Eph. 6:16).

DO NOT GET INTO A STATE ABOUT THINGS OR ALOW YOUR MIND TO WANDER AND DWELL UPON SATAN'S LIES. Simply refuse point-blank to be fearful and say so! State clearly and loudly that God has said that He will never leave you or forsake you, (or your loved ones), do you believe this? Who is more able and better equipped than your Heavenly Father to protect your loved ones? Have you put your full trust in Him? Then whisper this prayer to Him: ***"Heavenly Father, thank you that you did not give me a spirit of fear, but of power and love and self-control, according to Your Word in 2 Tim 1:7.*** Resist the devil and his lies and he will flee! (James 4:7). You can be certain that your Heavenly Father is well able to protect you and care for you.

You can choose to walk in faith and your language will show it. Do you find yourself guilty of any of the following sayings? "I am AFRAID I cannot do that.", "I am AFRAID not"; I am AFRAID that is true"; "I am DEAD scared"; "Don't go without a jersey – I'm AFRAID you'll catch a cold!".

Think about what you are saying and give no place to anxious thoughts.

Isaiah 54:14: In righteousness shalt thou be established: thou shalt be far from oppression; for thou shalt not fear: and from terror; for it shall not come near thee.

We have said that trusting your Heavenly Father is the antidote for fear and that faith is built up through the Word of God (Rom. 10:17) and so it is to the Word that we must return. BY SPENDING TIME WITH JESUS, MEDITAING ON HIS LOVE AND AUTHORITY, AND BY MEDITATING ON THE WORD OF GOD, YOUR THINKING PATTERN IS REPROGRAMMED FROM FEAR TO FAITH, FROM DEATH TO LIFE. The Word tells us in Rom. 12 verse 2: **And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind, that you may prove what is that good and acceptable and perfect will of God.** Our minds need to transformed by the Word of God, His ways His promises. If you are inclined to reason and think according to the ways of this world, then make a quality decision today to transform your thinking process bringing it in line with the TRUTH of God's Word.

Psalm 118:6: The Lord is with me; I will not be afraid.

'I will' is a very POSITIVE PROCLAMATION. Verse 7 of the same psalm goes on to say: **The Lord is with me He is my helper. I will look in triumph on my enemies!** When you realise that the Lord is on your side you will have no cause to fear! Fear has no place in your life! Lack of trusting in the Lord, is sin! Rom. 14:23 tells us: **…… whatever is not from faith is sin.**

Isaiah 43:1-2: Fear not, for I have redeemed you, I have called you by name; you are mine. When you pass through the waters, I will be with thee. The words **"FEAR NOT"** appear more than sixty times in the Bible and when God gives a command, He also supplies the strength and ability to carry it out! Now the choice lies with you, you do not have to choose fear, but you can. You do not have to choose faith, but you can! In just the above three texts (Isaiah 54:14; Psa. 118:6; Isaiah 43:1-2) see what God has promised you! He has established you in righteousness so you don't have to fear. Terror will not come near you! God is with you! He has redeemed you! GOD'S WORD PROMISES ALL THIS! You, as a child of God, can live a life free from fear if you do as He says and take all your worries to the Lord and in prayer and supplication, and with thanksgiving, make your requests known to Him! Then, He promises you that you will know His PEACE - Php. 4:6-7.

Remember that Satan is a LIAR and he cannot create, but he corrupts that which has already been created and he lies. Fear of illness is a corruption of Peter 2:24 which declares: ….by His (Jesus) wounds you have been healed. Fear of poverty is a corruption of Phil. 4:19 which declares: **And my God will meet all your needs according to His glorious riches in Christ Jesus.** You can know with certainty that any fear that Satan puts into your mind, is a corruption of a promise of God to His children – even though you might not know exactly where that promise is in the Word! So it is most important that you read and study the Word because through it you will know the character of God and choose to live in His ways in faith, because He faithful, because He loves you and and believe Him because He cannot lie! **(Num 23:19) God *is* not a man, that He should lie; neither the son of man, that He should repent: hath He said, and shall He not do *it*? or hath He spoken, and shall He not make it good?** □



uit **Dr James se kantoor**

Liewe familie in Jesus,

Groete in die Naam van Jesus. Ons is alreeds in die tweede maand van 2013 en die vakansie is iets van die verlede. Al die kinders is terug op skool en studente is nou besig met beplanning vir ‘n wonderlike jaar van studie. Ons bid vir aanpassing in hulle nuwe omgewing en klasse en dat hulle uitstekend hierdie jaar sal vaar, soos die Here in elke kosbare jong mens se lewe sal onderneem en in elkeen se behoeftes sal voorsien.

Ek wil baie, baie dankie sê vir die vriendelike boodskappe van liefde en ondersteuning wat ons gedurende Desember en Januarie ontvang het, wat altyd vir ons ‘n bron van aanmoediging en opbouing is, asook vir my pragtige verjaarsdag kaartjies en seënwense, mag die Here julle baie ryklik seën vir die mooi gedagte en gebaar. Ek is dankbaar aan die Here dat Hy vir my vir 83 jaar gespaar het en dat Hy my elke dag Sy krag gee om in SY werk te volhard. Hy is getrou, loof Sy wonderlike Naam!

Ons kom voor die Here elke oggend om sewe uur wanneer ons nagmaal neem en bid vir die talle gebedsversoeke wat ons ontvang. Dit is wonderlik om te weet dat so baie van julle in verskillende dorpies en stede en regoor die land, Namibië en oorsee ons laat weet het dat julle dieselfde tyd as ons in gebed is en saam intree vir die behoeftiges en ook nagmaal neem. Ek glo dat die hart van ons Here waarlik verheug is wanneer hy sien hoeveel geloof en dankbaarheid Sy kinders het, en so dikwels die dood van Jesus Christus in herinnering bring. Ons besef ten volle dat as Hy nie vir ons die prys op Golgota betaal het nie, ons verniet bid, maar instede daarvan kan ons daagliks vir Hom vra dat die voordele van Golgota ons deel kan wees.

Baie dankie vir die wonderlike getuienisse wat julle aan ons gestuur het. Alle eer aan die Here! ‘n Getuienis stig almal se geloof en is tot opbouing aan diegene wie hulle oë op Jesus gerig hou vir ‘n wonderwerk in hulle eie lewens. Dit beteken vir ons net so baie omdat die Here al die eer en verheerliking kry en omdat Jesus se Naam opgehef word.

Die Heilige Gees moedig ons aan om meer geestelike oefening te doen net soos ‘n atleet sy fisiese liggaam oefen om sterker te word en langer uithouvermoë te betoon, in hierdie laaste dae voor Jesus se koms.

Vertrou meer op Hom, glo Hom meer vir Sy beloftes, leer meer van Sy Woord en wees meer gehoorsaam aan Sy opdragte, vergewe meer, wees meer vir jou medemens lief en getuig meer oor Jesus en die Groot dinge wat ons Here vir ons elke dag doen! Wees nugter en wakker sodat die duiwel jou nie onverwags aan die slaap sal vind nie!

Weereens wil ek elkeen van julle persoonlik bedank vir julle gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Here om dit vir julle te doen!! Hy is die Gewer van alle goeie gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike en fisiese seëninge.

Baie dankie vir julle deelname om die Evangelie van ons Here Jesus Christus in ons land, asook Namibië en oor die grense vanaf die Stanger Christelike Sentrum te versprei.

Baie liefde groete.

Dr James

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van

Ek wil net bie dankie sê vir die wonderlike boekies, asook vir die kosbare CD. Eers wil ek ons Hemelse Vader eer en dank vir Sy wonderwerk. Die gewas in my brein het skoon verdwyn. Hallelujah!! Amen. Ek bid vir u en die Christelike sentrum, baie seën vir u almal. Baie liefde.

Mev S van der Westhuizen, Parys

Ek het ongeveer 'n jaar gelede gebed aangevra vir Shirleen wat na 3 maande (voorheen) van swangerskap, elke keer die babas verloor het. Dr James hulle het gebid dat sy haar eie baba kan hê. Sy en haar man het 'n pragtige dogtertjie van 3.5kg gedurende die jaar gekry. Prys die Here vir Sy getrouheid!! Loof Hom vir Sy almag. Baie dankie dat dokter en die span so gewillig is om vir ons te bid.

Mev I Wesson, Fort Beaufort

Graag wil ek net getuig van ons Here se goedheid, en om met u my vreugde blydskap meer te deel. U het vir my gebid en prys die Here ek is genees van hoë bloeddruk. Ek is baie opgewonde, loof en prys die Heer net. Hy is groot!! Ek gee Hom al die eer en lof!! Baie groete.

Mev R van der Hoogen, Port Elizabeth

Ek het ingebel en met Chantal gepraat, en gevra dat julle bid vir my seuntjie, want die pediater het hom toe pas in die hospitaal laat opneem, aangesien hy baie siek gevoel het en die uitslag van 'n bloedtoets gewys het dat hy Hepatitis C het, 'n baie ernstige vorm van lewerinfeksie of geelsug, soos julle sal weet.

Ek glo julle het ernstig gebid, en ook ons gebedsgroep het gebid. Die volgende dag was die lewertelling skielik af na 70 toe hulle weer toets, en hy het sommer beter gevoel. Die dag daarna was die telling heeltemal normaal en my seuntjie was 100% gesond.

Die pediater sowel as die patoloog wat die bloedtoetse gedoen het, was lank in gesprek en kon dit glad nie verklaar nie, aangesien die toetse aanvanklik so duidelik gewys het dat dit Hepatitis C is en om die lewertellings te probeer normaliseer, neem blykbaar tot 6 weke. Ons weet egter dat dit die Here se wonderbaarlike Hand was wat hierdie wonderwerk gedoen het en my seuntjie so perfek gesond gemaak het oornag. Ek prys Sy Naam saam met julle, en sê baie, baie dankie vir julle wonderlike diens in Sy Koninkryk!!

Mnr S Pieterse, Pretoria

Baie dankie vir al u gebede en belangstelling. Ek het u gevra om te bid vir my rug en die klont in my bors. My rugpyn het ek gehad vir so lank as wat ek kan onthou. Die dag nadat ek die brief gefaks het was die pyn weg. Ek het gegaan vir toetse vir my bors en daar is niks verkeerd nie. Die klont is weg; so ook die swelsel. Ek dank die Vader vir my genesing. Groete

Mev L Swanepoel, Robertson

Ek kan nie anders as om die woordjie dankie te bring nie. Ek het drie maande gelede aan julle 'n brief gefaks en gevra om vir my te bid vir die bloedvloeiing, kopseer, brandende voete en bene wat baie pyn verduur het. Ek het my terug voering ontvang, en hoe wonderlik is dit nie om aan julle dankie te sê nie. My vloeiing en alles is weg, en ek is volkome gesond!! Ek dank die Here vir julle gebede. Prys die Here, ek is genees!!

Mev Theunissen, Ceres

So baie dankie vir julle gebede vir my seun. Hy was baie ongelukkig in sy blyplek, het nie 'n motor nie en het gesukkel vir sy werk. God het verhoor! Hy het 'n werk gekry, met 'n huis en 'n bakkie op 'n plaas. Jesus seën julle en ek bid elke dag vir julle. Baie dankie!

Mev M Botha, Kempton Park

Ek wil u bedank vir die wonderlike werk wat u verrig, ons ontvang gereeld ook u nuusbrief elke maand "Geloof in die Woord", ons kan nie wag om dit te lees nie. Ja, die Here is so goed vir ons. Dit is my kinders wat u ook gereeld voorgebid het, Jannie en Sarel wat genesing ontvang het. Jannie se bene het lewe gekry, en sy vrou, is genees van borskanker asook kanker van haar vrouedele. Ons loof en prys ons Hemelse Vader!! Mag die Here julle baie ryklik seën

Mnr D Serfontein, Muldersdrif

Ek het voorbidding vir my kleinseun gevra wat weer koors gehad het. Om elfuur toe ek my dogter bel sê sy vir my dat hy het nog so gelê en bewe asof hy koue koors het, toe hy ewe skielik opstaan en begin speel. Sy het ook vir hom sy kos gegee en hy het geëet. Ek prys my Here vir Sy Groot Genesing en krag wat Hy vir ons bewys as ons opreg Sy Naam aanroep en prys. Ek gee Sy Naam al die eer vir klein Marcus se herstel.

Mev C Pretorius, Bloemfontein

Dit is met groot dankbaarheid dat ek vandag aan u skryf om dankie te sê dat u vir my gebid het. Omtrent 'n jaar gelede het ek u gebel om vir my linker sy te bid wat so baie gepyn het. Die pyn is weg. Prys die Here!! Al die eer en lof behoort aan Jesus!

Mnr J Fouche, Pretoria

Ek groet u in die Naam van Jesus. 'n Tyd gelede het ek u gevra om vir my skoonsuster, Martie, te bid wat met asma in die hospitaal is.

Sy is volkome genees deur die wonderlike Jesus Christus liefde en genade en deur Sy wonde. Ons prys, loof en dank God vir die wonderwerk!

Mev K Ras, Johannesburg

Baie, baie dankie aan Jesus wat u so lei en bedien met wysheid. U boek Innerlike Genesing het werklik baie vir my beteken. Ek kon so al die geraamtes, die plekke wat so vol stof was uithaal, afstof en weggooi. Ek kon so weer sien hoe 'n Groot God my liefhet. Baie dankie. Ek bid die seën en genade van God oor U.

Mev Steyn, Kroonstad

Ek het ook gevra julle moet vir Jacqueline, my vriendin bid wat se hele lyf oortrek was met gordelroos. Die volgende oggend het ons almal saam met julle gebid en 8 uur, na gebed, toe staan sy op en begin kos maak vir haar man. Die seertjie het net verdwyn en toe ek har 3 dae later sien, was daar net merkies op haar vel. O, ons dien 'n groot geneesheer en ons loof Sy naam!

Mnr F Schoeman, Phalaborwa